

# St. Katerina van Siëna

## 29 April

(1347-1380)

Sy was die jongste van die 25 kinders in hulle huisgesin. Op 6-jarige leeftyd ervaar sy haar eerste visioen, sy sou vir die res van haar lewe ekstatiese visioene en periodes van groot geestelike dorheid beleef. Haar ouers was welaf en baie streng en wou hê dat sy moes trou. Sy weier egter volstrek en word op die ouderdom van 16 jaar 'n derde orde Dominikaan. Sy het in die plaaslike siekehuis na kankerlyers en melaatses omgesien. Sy was gelukkig om in die persoon van haar geestelike begeleier en biegvader, Raymond van Capua, iemand te vind wat haar merkwaardige geestelike gawes na die beste van haar vermoë kon ontwikkel. Sy raak betrokke by die breër lewe van die Kerk van haar tyd en tree op as vredemaker en 'n prominente figuur wat haar bes gedoen het om die Kerkskeuring te herstel. Sy skryf haar geestelike ervaringe neer in haar boek, "Die Dialoog". Pous Urbanus VI ontbied haar na Rome om as sy raadgewer op te tree. Hierdie besonderse vrou wat die hoogste mistieke hoogtes bereik het en tog terselfdertyd baie aards en prakties was word vandag as Kerkleraar vereer.

© Die Oratorium Uitgewery